

Ds. A. W. C. Bester
Nieuwoudtville
24 Oktober 1965

Onderwerp: Wie is die belangrikste?

Lees: Matthéús 18 verse 1 tot 14

Teks: Matthéús 18 verse 1 tot 4

Sing: Psalm 130 vers 3
Gesang 33 verse 5 en 7
Gesang 62 vers 4

“Terwyl Jesus Christus oppad was na Golgota en besig was om vir alle mense, ja vir alle mense, die minste te wees, was sy dissipels besig om te twis oor wie van hulle die grootste was.

“Hulle was nogal diplomaties en het die vraag baie algemeen aan Jesus gestel: ‘Wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele?’ (Matt 18:1)

Eintlik het hulle bedoel: Wie van ons? Want dit was juis hieroor dat hulle langs die pad rusie gehad het.

“Hulle het gestry oor voorrang: wie mag voor loop en voor sit? Hulle het reeds die Ministersetels in die Koninkryk van God verdeel.

“Ongelukkig kon hulle nie hieroor ooreenkom nie, want almal wou Eerste Minister wees. Petrus, Johannes en Jakobus was oortuig dat hulle, en nie die ander nie, in aanmerking moes kom.

“Maar wat van Judas. Hy het tog die beurs gehou. Was hy nie miskien die belangrikste nie?

“En só, al rusiemakende het hulle met hulle groot probleem by Jesus gekom.

“Broers en Susters, hier het ons mededinging en kompetisie. ’n Kompetisie wat deur die Satan self uitgeskryf en deur die Hel gereël is.

“Die dissipels van Jesus Christus het teen mekaar meeding. Hulle het gewedywer, maar nie soos atlete op die baan oppad eindpaal toe nie. Nee, hulle het met skewe jaloerse oë na mekaar gekyk.

“Hierdie mense wou nie net slegs in die Koninkryk van die Hemele wees nie. Hulle was nie tevrede as hulle in die Koninkryk van God iets behoortliks en nuttigs kon wees nie. Hulle was nie tevrede om by Jesus te wees nie. Hulle wou daar wees, maar daar wou hulle die eerste, die grootste, die beste en die vernaamste wees.

“Broers en Susters, ons moet die dissipels nie so hard veroordeel nie. Is ons nie ook maar so nie? Reeds

van kindsbeen af word daar gewedywer. My Pa is sterker as joune. Ek kan dit beter doen as jy.

“En hoeveel grootmense is daar wat nie graag eerste wil staan nie? Daar is gedurig ’n wedywing om mekaar te oortref, mekaar die loef af te steek, mekaar uit te oorlê. Die een se huis moet beter en mooier wees as die ander s’n. Die motor moet vinniger en duurder wees. Ek wil beter en vernamer wees as jy.

“Ja, wedywing gee vooruitgang: medaljes, erepenninge en Nobelpryse. Maar word hierdie wedywing ook aangetref in die Koninkryk van die Hemele? Kan daar kompetisie wees in die heilige dinge van God?

“Die Koninkryk van die Hemele is die terrein waar God seggenskap het. Dit is ’n Koninkryk wat reeds hier op aarde begin en eendag in die Hemel sal eindig. Broers en Susters, hierdie Koninkryk omvat reeds ons binneste, ons hart, ons gedagtes, ons gesprekke en ons dae. Dié Koninkryk is die ganse Kerk en sy grense loop breed.

“Onder die gesag van dié Koninkryk val ons huwelik, ons gesin, ons politiek, ons besigheid en besigheidslewe. Kan daar in dié dinge wedywing en kompetisie wees?

“Mag ek dan vra: watter is die beste kerk? Wie is die beste gemeente? Wie is die beste predikant? Wie doen die mooiste gebede? Wie is die nederigste, die geduldigste, die gewilligste om op te offer? Ja, wie gee die grootste dankoffer? Of wie het die grootste geloof, die vurigste ywer, of die vurigste liefde? Wie is die meeste in die Koninkryk van die Hemele?

“Broers en Susters, hierop wil ons voorlopig geen antwoord gee nie, as net dit: in alle geval is daar van gelykheid en eenvormigheid in die Koninkryk van die Hemele geen sprake nie. Alles wat God gemaak het, is ongelyk.

“Gelykheid is ’n gedagte wat Satan uitgebroei het. Daarmee het hy reeds vir Eva in die paradys vergiftig toe hy vir haar gesê het: jy sal soos God wees.

“In die Koninkryk van God is daar sekerlik een wat meer is en een wat minder is as die ander. Paulus sê in dié verband: die heerlijkheid van die een ster verskil in heerlijkheid van die ander. Van Johannes die Doper het Jesus gesê, dat die minste in die Koninkryk van God meer sal wees as hy.

“Broers en Susters die Koninkryk van God is sekerlik geen slapende en eentoninge gemeenskap nie. In die Koninkryk van God bruis in dié mense ’n magtige en ’n

heilige drang. Hulle bemoedig mekaar daar ook deur hulle voorbeeld. Hulle sal mekaar daar aanspoor in die liefde en goeie werke.

“Broers en Susters, Jesus wys nêrens en ook nie hier die kompetisie van die Heilige dinge af nie. Nee, Jesus aanvaar die vraag: wie is die meeste in die Koninkryk van God en gee ’n antwoord daarop. Maar voordat Hy sy dissipels vertel wie die oorwinnaars is in die Koninkryk, sê Hy eers iets oor die deelnemers aan hierdie kompetisie; en aan watter voorwaardes die mededingers moet voldoen.

“Broers en Susters, die voorwaarde lê uitgedruk in een woord: bekering. Om in hierdie kompetisie van die heilige dinge van God mee te ding, moet ek bekeerd wees. Bekering beteken verander en terugkeer: ‘Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!’ (Matt 18:3)

“Let op dat hier ’n skerp teregwysing opgesluit lê in die woord bekeer (verander). Die dissipels stry ernstig onder mekaar wie die oorwinnaar is in hierdie langafstand wedloop vir die Koninkryk van God. Maar Jesus Christus roep hulle tot stilstand: Wag eers my dissipels. Voordat julle stry oor die vraag wie wen, moet julle eers seker maak of julle wél deelnemers is; of julle mág wedywer.

“Ja, hulle is soos mense wat rusie maak oor ’n erfposie en dan van die eksekuteur hoor: julle moet eers seker maak dat julle name in die Testament verskyn.

“Broers en Susters, onveranderde, onbekeerde mense ding hier nie mee nie. Hulle verskyn nie op die baan nie.

“Wat beteken verander of bekeer in hierdie verband dan? Broers en Susters, dit kom hierop neer: ons moet in onself, in ons eie krag en prestasie, in ons eie hoë aansien, gebreek word. Ons moet besef dat ons bankrot is voor God. En ons moet voortdurend van dag tot dag tot hierdie besef kom.

“Broers en Susters, in alle ander wedstryde laat deelnemers hulself inskryf, omdat hulle dink dat hulle ’n goeie kans het om te wen. Hulle is sterk geboude atlete. Maar by hierdie kompetisie is nodig ’n gebroke hart, ’n verslae gees, iemand wat ander beter ag as homself; en wat net van een sondaar weet en dit is hyself.

“Só ’n man, só ’n deelnemer, was die Tollenaar wat weggekruip het agter in die Tempel en geroep het: ‘...

o God, wees my sondaar genadig!’ (Luk 18:13) Só ’n man was die verlore seun wat reeds van vêr sy Vader gesmeek het: ‘Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie.’ (Luk 15:21) Só iemand was Maria Magdalena; en Petrus wat buitentoe gehardloop het en bitterlik gehuil het.

Sulke mense, Broers en Susters, is swak en nederig en gebroke genoeg om mee te doen aan die kompetisie oor wie die meeste is in die Koninkryk van God. Hier word dus slegs veranderde mense toegelaat. Nie die geestelike elite wat hulself sien as liewe, gawe, hoogstaande kerkmense nie. Hier word slegs mense gevra wat totaal gebroke is in hul trots en deug. Sulke mense is deelnemers in die heilige kompetisie.

“Broers en Susters dit is ’n heerlike, maar ook ’n moeilike voorwaarde. Heerlik, want nou het die gebrokenes en die verlore seuns, soos u en ek, ook ’n kans. Moeilik, want as ons wil meedoen, moet ons verander - ’n totale offer van onself.

“En nou dat ons die voorwaardes vir deelname ken, wie van die gebrokenes en swakkes gaan eerste kom? Wie is die meeste in die Koninkryk van die Hemele? Wie sal dit tog wees? En dan sien ons die hele Christelike Kerk daarbo voor God en hieronder op aarde. ’n Mens sien met die geloofsoog ’n ontelbare skare wat voor die troon van die Lam staan. Ons sien daar grotes in die Koninkryk van God. Manne en vroue teen wie ons nie kan kompeteer nie: Abraham, Moses, Samuel, Daniël, Jesaja, Johannes die siener van Patmos, Sara, Hanna, Rut, Maria, Tabita (Dorkas), Calvyn, Luther, en baie ander. Hoe kan ons teen hierdie groot hoekpilare kompeteer? Wie onder hulle sal die meeste wees? Wie is daar en wie is hier onder ons die meeste in die Koninkryk van God?

“Broers en Susters, Jesus sê daar is iemand wat die meeste sal wees in hierdie kompetisie. Jesus se antwoord is geen breë betoog, of ’n lang verklaring nie. Hy sê eintlik niks, maar gee aanskoulike onderwys.

“Jesus staan op en roep ’n kindjie nader om tussen hulle te kom staan. Hy roep sommer een van die spelende kinders in die strate van Kapernaüm. Dit was nie ’n uitgesoekte kind nie. Die eerste die beste: seuntjie kom hier.

“As Jesus die kindjie roep, dan kom hy. Hy neem sy hand en lei hom en hou hom eers vas en laat hom dan in die middel staan. Dan kyk Jesus na die kompeterende dissipels en sê: dié kind is die meeste.

‘Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.’ (Matt 18:3, 4)

“In watter opsig moet ons soos dié kind wees om die kompetisie te wen; om die meeste in die Koninkryk van God te wees? Jesus Christus sê: ‘Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.’

“Daar is kinders wat nie nederig is nie, omdat hulle nie reg opgevoed is nie. Maar hierdie kindjie was anders. Hy was verleë. Verleë toe hy plotseling tussen die grootmense staan met hulle verbaasde oë. Hierdie kindjie was glad nie tuis in hierdie middelpunt van belangstelling nie. En daarom het hy, so gou as wat Jesus hom toegelaat het, skaam tussen die dissipels deurgevleg terug na sy maats toe.

“Kyk, sê Jesus, hy wat só is, wat hom nie na vore dring nie en homself nie as die meeste in die middelpunt plaas nie, maar hom só gering ag, hy is die meeste. Hy wat verleë staan, totaal verleë staan oor wat hy is. Verleë staan oor die feit dat Jesus juis hom nader roep, die hande oplê. Hy wat totaal verleë is omdat Jesus met hom bemoeienis maak en terwille van hom gesterwe het. Hy is soos die kindjie van Kapernaüm se strate. Hy wat verwonderd is, waarlik verwonderd is, dat God deur Jesus Christus hom nader roep en red. Hy, wat so sleg lyk. Hy is die meeste!

“So word die kompetisie om die meeste te wees, die kompetisie om die minste te wees.

“God werk op wonderbaarlike wyse. Heerlik is dit om gelowiges te ontmoet wat waarlik groot is in woord, daad, offerdiens en naasteliefde en tog gebroke, verleë, verwonderde kinders van God is.

“Van diesulkes het God baie in sy Koninkryk.

“Baie? Nee, eintlik net een.

“Jesus kon aan sy dissipels gesê het: Ek is die meeste. Maar Hy wou die allerminste wees.

“Hy is die meeste in die Koninkryk van God.

“En ons wat so swaar die minste is, maar dit vanmôre weet en daarom worstel en bid en stry om die minste te wees, staan ook verwonderd en verleë, soos die kindjie van Kapernaüm, onder die skare wat niemand kan tel nie.

“Omdat Jesus vir ons die minste was.

“Amen.”